**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidensie



# God se Oes

'n Vrou genaamd Christa, het vir 'n klein saad maatskappy gewerk. Sy was baie lief vir haar werk. Dit was 'n bron van ontsaglike wonder, dat elke klein saad wat sy verkoop, die potensiaal het om hulself te omskep in in iets so wonderbaarlik—soos 'n wortel, 'n koolkop, of selfs 'n okkerneut boom.

Christa was mal daaroor om voor haar rekenaar te sit, bestellings te neem en om vrae te beantwoord. Maar eendag het sy 'n klag ontvang wat haar stom geslaan het.

"Die saadjies werk nie," het die klieënt gesê. "Ek het hulle twee maande gelede gekoop en daar is nogsteeds niks nie."

"Het u hulle in goeie grond geplant en hulle genoegsame water en sonlig gegee?" het Christa gevra.

"Nee, maar ek het my deel gedoen," het die klieënt geantwoord. "Ek het die sade gekoop. Buitendien, hulle is *gewaarborg* om te groei."

"Maar u het hulle nie geplant nie?"

"Genugtig nee! Dit sou beteken dat ek my hande vuil moes maak."

Christa het hieroor nagedink en besluit dat ruglyne geskryf moet word vir die plant van sade. Sy het besluit wat die eerste ruglyn sou wees: "U moet die instruksie vir die saai van die sade nakom vir die sade, om te verseker dat die sade ontkiem. U kan hulle nie op die rak neersit en verwag dat hulle sal groei nie."

Dit was nie lank daarna dat nog 'n klag haar stom geslaan het nie.

"Die sade lewer nie 'n opbrengs nie," het 'n klieënt gekla.

"Het u hulle in goeie grond geplant?" het Christa gevra. "Het u hulle die aanbevole hoeveelheid water en sonlig gegee?"

"O, ja," het die klieënt aangedring. "Ek het dit alles gedoen—presies soos wat op die pakkie aangedui word. Maar hulle werk nie."

"Het enige iets gebeur? Het hulle ontkiem?"

"Niks het gebeur nie," het die klieënt gesê. "Ek het hulle geplant net soos aangedui. Ek het gehoop om tamaties vir aandete te hê. Ek is nou verskriklik teleurgesteld."

"Wag 'n bietjie," het Christa geantwoord. "Bedoel jy dat jy die sade vandag geplant het?"

"Moet nie belaglik wees nie," het die klieënt geantwoord. "Ek het hulle 'n week gelede geplant. Ek het nie verwag om àl die eerste dag tamaties te sien nie; ek was geduldig. Laat ek jou vertel, daar was al baie gewater en gewag tussen dan en nou.

"Christa het geweet dat sy nog 'n ruglyn sou moes byvoeg: "Die sade is onderhewig aan die wette van die natuur. Indien jy die sade gedurende die oggend plant en verwag om tamaties later in die week te eet, gaan jy teleurgesteld wees. Jy moet geduldig wees en wag vir die natuur om voor jou te ontvou."

Alles het goed verloop totdat Christa nog 'n klag ontvang het.

"Ek is baie teleurgesteld in julle sade," het die klieënt begin. "Ek het hulle geplant presies soos voorgeskryf op die pakket. Ek het hulle water gegee, seker gemaak dat hulle sonskyn het, en gewag totdat hulle uiteindelik hulle oes gelewer het."

"Dit klink asof jy alles reg gedoen het," het Christa gesê.

"Dis alles goed en wel," het die klieënt geantwoord. "Maar wat ek gekry het was zucchini!"

"My rekords weerspieël dat dit die sade is wat u aangevra het," het Christa gesê.

"Maar ek wil nie zucchini hê nie, ek wil pampoene hê!"

"Ek volg nie."

"Ek het die sade in my pampoen veld geplant—in dieselfde grond wat verlede jaar vir my pampoene gelewer het. Ek het elke dag die plante geprys, en hulle vertel watter pragtige pampoene hulle gaan wees. Maar instede van groot, ronde, oranje pampoene, het ek lang groen zucchini gekry. Tonne van die goed!"

Christa het besluit dat algemene ruglyne dalk nie genoegsaam sou wees nie en dat sy 'n feit moes neerlê: "Die saad wat jy tydens die oestyd saai, bepaal die oes.

**"Die Wet van die Oes**

Die Apostel Paulus het aangaande God se oes geleer dat:

"Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.

"Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai.

En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie." (Galásiërs 6:7–9).

Die Here het onlangs vir ons bykomende wysheid en insig aangaande hierdie onveranderlikke wet gegee:

"Daar is 'n wet wat onveranderlik in die hemel verordineer is voor die grondlegging van hierdie wêreld, waarvolgens alle seëninge vasgestel is—

En wanneer ons enige seëning van God ontvang, is dit deur gehoorsaamheid aan daardie wet waarvolgens dit vasgestel is (L & V 130:20–21).

Wat ons saai, sal ons maai.

God se oes is ondenkbaar glorieryk. Aan diegene wat Hom eer, kom Sy oorvloedige seëninge in "'n goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is. . . . Want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word" (Lukas 6:38).

Net soos wat die die aardse sade inspanning en geduld vereis, so ook die hemelse seëninge. Ons kan nie ons geloof op 'n rak sit en verwag om geestelike seëninge te maai nie. Maar indien ons evangeliese standaarde in die daaglikse lewens van ons families plant en aankweek, is daar 'n groot waarskynlikheid dat ons kinders sal grootword en geestelike vrugte sal voortbring wat van onskatbare waarde sal wees vir hulle en toekomstige geslagte.

God se antwoorde tot gebede kom nie altyd onmiddelik nie—somtyds blyk dit dat hulle nooit kom nie—maar God weet wat die beste is vir Sy kinders. Verseker sal ons eendag duidelikker kan sien; en in daardie dag sal ons die goedheid en edelmoedigheid van die hemele herken.

In tussen tyd, is ons doel en ons groot vreugde om in die voetspore van ons Meester en Verlosser te volg en om goeie en gesuiwerde lewens te lei, sodat die beloofde en kosbare oes van God se kostelikke seëninge ons s'n kan wees.

Wat ons saai, sal ons maai.
Dit is die wet van die hemel.
Dit is die wet van God se oes.

---

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

Bespreek met diegene wat u besoek hoe die wet van God se oes toepaslik is tot ons verhoudinge, gesprekke en getuienis, of werk en opvoedkundige doelwitte.
U kan die volgende skrifture lees en bepeins wat tot hierdie wet betrekking het, soos Spreuke 11:18; 2 Korinthiërs 9:6; en Alma 32. Spoor hulle aan om vorige doelwitte te hersien en om nuwe doelwitte daar te stel om regverdigheid te weeg te bring. Help hulle om 'n plan te beraam om beginselgetrou op te tree en om sodoende hulle langtermyn doelwitte te bereik.

## KINDERS

## Beplan Jou Oes

God se wet van die oes is dat as ons iets later wil hê, moet ons nou vir dit werk. Wanneer ons 'n tuin wil

aanlê, moet ons die sade plant, hul water gee, en hulle teen onkruide beskerm. As ons dit nie doen nie, sal ons nie later ŉ oes hê nie!

Hier onder is daar ŉ lys van ŉ paar goeie "vrugte" wat jy moontlik in jou lewe wil hê. Maak ŉ lys van somige dinge wat jy hierdie maand kan doen om jou te help om hierdie seëninge te ontvang.

- ŉ Gelukkige tuiste
- Opvoeding
- Goeie vriende
- Doop en Bevestiging
- Getuienis van Jesus Christus

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14
Vertaling van *First Presidency Message, August 2014*. Afrikaans. 10868 501

# Die Goddelike Missie van Jesus Christus: Messias

Geloof, Familie, Verligting

*Studeer hierdie materiaal biddend en streef om te weet wat om meë te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy waak deur vroue besoek? Vir meer informasie, gaan na reliefsociety.lds.org.*

*Hierdie is deel van 'n reeks Vroue Besoeker Boodskappe wat aspekte van die missie van die Verlosser bevat.*

Die skrifture leer ons dat ons in die teenwoordigheid van God kan lewe "deur die verdienste, en die barmhartigheid, en die genade van die Heilige Messias" (2 Nefi 2:8). *Messias* is "'n Arameese en Hebreeuse word wat 'die gesalfde' beteken. . . . In die Nuwe Testament word Jesus die Christus genoem, wat die Griekse ekwivalent is van *Messias* Dit beteken die gesalfde Profeet, Priester, Koning, en Verlosser."[1]

Ouderling Jeffrey R. Holland van die Kworum van die Twaalf Apostels het getuig: "Ek weet dat [Jesus Christus] die Heilige Een van Israel is, die Messias wat eendag weer in finale glorie sal kom, om op aarde as Heer van here en Koning van konings te heers. Ek weet dat daar geen ander naam onder die hemel gegee is waardeer 'n man [of 'n vrou] gered kan word nie."[2]

"[Jesus Christus] is die Verlosser en Heiland van die wêreld, het President Dieter F. Uchtdorf gesê. "Hy is die beloofde Messias. Hy het 'n perfekte lewe gelei en versoening gemaak vir ons sondes. Hy sal altyd aan ons sy wees. Hy sal ons oorloë veg. Hy is ons hoop; Hy is ons verlossing; Hy is die weg.[3]

## "Bykomende Skriflesings

Johannes 1:38–41; 4:25–26, 40–42; 2 Nefi 6:13; 25:16–17

## Uit die Skrifture

Die vroulike dissipels van Christus was getuienis van Sy rol as die Messias. Maria Magdalena was 'n dissipel van Jesus Christus. Sy was die eerste een om die "steen van die graf afgerol" te sien op die vroeë môre van Christus se Opstanding. Sy het "buite die graf gestaan en ween" nadat sy ontdek het dat Sy Liggaam nie meer in die graf was nie.

Toe "draai sy haar om agtertoe en sien Jesus staan, en sy het nie geweet dat dit Jesus was nie.

"Jesus sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? wie soek jy? Sy het gedink dat dit die tuinier was en antwoord hom: Meneer, as u Hom weggedra het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem.

"Jesus sê vir haar: Maria! Sy draai haar om en sê vir Hom: Rabboeni! dit beteken Meester." Maria het besef dat Hy nie die tuinier was nie, maar eerder Jesus Christus, die Messias. (Sien Johannes 20:1–14-16.)

**NOTAS**

1. Gits tot die skrifture, "Messias"; scriptures.lds.org.
2. Jeffrey R. Holland, "Die Enigste Ware God en Jesus Christus Wie Hy Gestuur Het," *Liahona,* Nov. 2007, 42.
3. Dieter F. Uchtdorf, "Die Weg Van Die Disiepel," *Liahona,* Mei 2009, 78.

## Oorweeg Die Volgende

Hoekom is dit belangrik om die Verlosser se rol as die Messias te verstaan?

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte Voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertaling goedkeuring 6/14.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, August 2014*. Afrikaans. 10868 501